

Saterdag 24 Junie

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:23-31

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:30, 31

Geloof besorg aan 'n nie-Joode 'n plek in God se plan

Vra die Here net geloof van ons, of verwag Hy meer? Geloof is onont-beerlik, maar is nooit steriel nie. Geloof vat grond in my lewenspraktyk.

Ragab, 'n nie-Jood, se naam in die ry geloofshelde is 'n groot verrassing. Daarby was sy ook 'n prostituut – iemand wat nie in die volk van die heilige God gepas het nie.

Tog ... tydens sy aardse bediening is Jesus se dissipels verwyd dat hulle Meester saam met tollenaars en sondaars eet (Matt. 9:10, 11). Jesus het by geleentheid gesê dat tollenaars en prostitute wat die boodskap van Johannes geglo het, eerder as Jode die koninkryk van God sou ingaan (Matt. 21:31, 32).

Ragab was 'n prostituut wat geglo het. In geloof het sy haar doelbewus losgemaak van die ongehoorsames in die stad Jerigo. In lewensgevaar het sy die Israelitiese spioene in vrede ontvang en in haar huis versteek. Voordat sy hulle vrygelaat het, het sy haar geloof bely en hulle versoek om haar en haar mense se lewens te spaar (Jos. 2:11, 12).

Ragab en haar mense het oorleef. Haar geloofsdaad het tot haar vrypraak gelei (Jak. 2:25). Sy het ook ingrypend verander: sy is opgeneem in die volk wat God vir Hom afgesonder het. Haar naam kom selfs in Jesus se geslags-register voor (Matt. 1:5). God het haar 'n plek in sy plan gegee om sondaars soos sy te verlos.

Ook ons geloof moet dade word. Te midde van die afval moet ons vas in die geloof bly staan, as mense wat God in sy genade ingrypend verander het.

Sing: Psalm 13-2:3 / Psalm 13-1:5

Ds. JH (Johan) Jordaan (Vereeniging)